Publication: Rapport (Gauteng), Beleef
Date: Sunday, August 15, 2021
Page: 16



Jy wil nie hê jou kinders moet ná jou dood via Zoom baklei oor jou erfgeld nie...

# Belastingstorie met 'n stertjie

## Uitbetaling van erfgeld kan in 'n burokratiese nagmerrie ontaard

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**

Ek kyk vandag na die bemaking van geld. Erfgeld. En die haakplekke wat jou bes bedoelde planne in die wiele kan ry. Soos belasting. En hoe om erfgeld by kinders in die buiteland te kry.

Ek begin met 'n e-posbrief van 'n kollega in die fidusiêre bedryf. Hy administreer boedels en dit is een van die probleme waarmee hy as eksekuteur sit.

Banke weier om erfenisse onder R10 miljoen (die toegelate bedrag om geld landuit te neem) uit te betaal aan erfgename buite Suid-Afrika sonder 'n brief van die SA Inkomstediens (SAID) wat die uitbetaling magtig.

Maar die SAID weier om so 'n brief te verskaf. Om verstaanbare redes, onder meer omdat daar geen so 'n vereiste bestaan as die erfgenaam nie 'n Suid-Afrikaanse inwoner vir belastingdoeleindes is nie.

Direk in teenstelling daarmee, betaal versekeraars die volle opbrengs op lewenspolisse direk aan begunstigdes. Ook dié in die buiteland. Geen probleem, sou ek sê. Maar dit skep op sy beurt 'n nuwe probleem. Boedelbelasting. Dit kan selfs tot gevolg hê dat 'n plaaslike erfgenaam sal moet instaan vir die gedeeltelike boedelbelastingplig van die oorsese erfgenaam. Ek kom terug na hierdie punt toe.

Dis maar een van baie burokratiese nagmerries waarmee ons in die fidusiêre en finansiëledienste-wêreld sukkel. En ek skryf dit toe aan 'n brein-kortsluiting tussen die regulerende gesag enersyds en die uitvoerende gesag andersyds. En 'n algemene gebrek aan verantwoordbaarheid.

### 'n Polis vir jou emigrant-kinders

Maar kom ons hou liewer by finansiële raad. Ek begin met die regstegniese feite.

Jou beleggings, kontant in die bank, aandele- of effeketrustbeleggings (uitgesluit aftreefondsbeleggings) is by jou dood 'n bate in jou boedel. Jy moet dit testamentêr bemaak, hetsy aan 'n spesifieke persoon of instansie, of dit val in die restant van jou boedel en vererf na die restant-erfgenaam.

Dit word in ag geneem vir boedelbelasting en as daar boedelbelasting betaalbaar is, moet die eksekuteur van die boedel die belasting aan Jan Taks oorbetaal uit die restant van die boedel. Die restant is dit wat oorbly nadat spesifieke bemakings gedoen is.

'n Polis is nie 'n bate in jou boedel nie en betaal buite jou boedel uit aan 'n begunstigde. Maar dit word vir die doeleindes van boedelbelasting geag 'n bate te wees – en sal dus eweneens in berekening gebring word vir boedelbelasting. Dus, asof dit 'n bate is.

Dit word so hanteer omdat 'n polis 'n kontrak is tussen jou en die versekeraar. En die versekeraar sal die geld uitbetaal volgens kontrak aan die begunstigde wat jy benoem het.

Wat sê dit vir ons? As jy geld wil nalaat aan 'n kind in die buiteland en seker wil wees hy of sy kry die geld by jou dood, sonder burokratiese rompslomp met jou boedel, gebruik 'n polis.

### Wie se belasting is dit?

Maar pasop, die storie het 'n stertjie. Soos genoem, die poliswaarde word wel geag 'n bate te wees in jou boedel en word in berekening gebring vir boedelbelasting. En dis net hier waar die boedelbelastingslang lê vir diegene wat nie behoorlik beplan het nie.

Die Boedelbelastingwet (Wet 45 van 1955) bepaal dat die persoon wat die voordeel van daardie polis kry ook die boedelbelasting wat die polis trek, sal betaal. Maar dis die manier waarop die som gedoen word waar die haakplek kom. Die polisbegunstigde betaal pro rata 'n deel van die boedelbelasting. Wat beteken dat ander erfgename, wat nie 'n voordeel uit die polisopbrengs kry nie, gedeeltelik aanspreeklik kan wees vir die boedelbelasting wat deur die polis getrek word.

'n Kort voorbeeld sal dit beter illustreer. Kom ons sê 'n pa het bates van R3,5 miljoen (ná boedelaftrekkings, soos skuld en sterfbedkoste, en bemakings aan sy vrou) wat hy aan sy twee dogters bemaak. Aan sy seun in die buiteland het hy 'n polis van R2 miljoen begunstig.

As ons die polis buite rekening laat, sien ons daar is geen boedelbelasting betaalbaar nie.

Die netto boedelwaarde aan die dogters is R3,5 miljoen, die boedelbelastingaftrekking is R3,5 miljoen en die belasbare boedel is dus R0. Maar met polisopbrengs ingesluit as geagte bate, is die netto boedelwaarde nou R5,5 miljoen. Die belasbare boedel is dus R2 miljoen (R5,5 miljoen minus R3,5 miljoen) en die belasting daarop (20%) is R400 000.

Omdat die seun (op die polis) net pro rata 'n deel van die boedelbelasting betaal, is sy deel R145 455. Die res, R254 545, die grootste deel, moet deur die susters uit die restant (hul erfenis) betaal word. Hulle wat geen deel van daardie polisopbrengs sien nie. Hulle wat geen boedelbelasting sou betaal het as dit nie vir die polis aan die seun was nie.

Maar dit eindig nie hier nie. As die seun nie sy deel van die boedelbelasting betaal nie, sê die wet, moet die eksekuteur instaan daarvoor. Dan betaal die dogters die volle R400 000 boedelbelasting uit hul gesamentlike erfenis van R3,5 miljoen en die seun kry 'n volle R2 miljoen skoon uit.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.